18.2 RAPPORT 2: DEPUTATE HISTORIESE SAKE – KERKMUSEUM (Artt 95, 259)

A. Ds G Opperman lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Punt 3.1 word verwys na die Kommissie vir Finansies.
C. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2012:213-214.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kurator van die Museum sr MED Coetsee het deur die verloop van die afgelope 3 jaar verskeie besoekers by die Museum ontvang. Sy versorg die artefakte en hou die Museum skoon.
2.2 Verskeie nuwe artefakte het bygekom maar uitstal ruimte is min.
2.3 Die gebou word een maal per jaar berook.
2.4 Die Gereformeerde Kerk Strydenburg het ontbind en museumstukke per Kerkraadsbesluit na die Museum gebring. Die Deputate doen ondersoek om ruimte te maak vir ‘n uitstalling rondom die Gereformeerde Kerke onder die Kruis. In die lig van beperkte ruimte is dit noodsaaklik dat nog ruimte vir die Museum geskep word.
2.5 Artikels oor die Museum is gereeld in *Die Kerkblad* gepubliseer.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Ter wille van die besoekers by die Museum beveel die Deputate aan dat opdrag aan die Eiendomskomitee van die Administratiewe Buro gegee word dat aandag gegee word aan die installering van lugversorger, ‘n toilet en nog uitstalkaste.

Besluit: Verwys na die Kommissie vir Finansies.

3.2 Kerke en lidmate word aangemoedig om die Kerkmuseum te ondersteun deur die Museum te besoek en versamelstukke van belang vir die kerke se geskiedenis aan die Museum toe te vertrou.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die Deputate se staande opdrag word gekontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Die Deputate rapporteer in die toekoms oor die aantal besoekers aan die Kerkmuseum.
3.5 Die Deputate stel ondersoek in of die Kerkmuseum in Reddersburg ook onder die sorg van die Deputate geplaas moet word.

Besluit: Punte 3.4 en 3.5 goedgekeur (wysigings reeds aangedbring – Deputate Handelinge).

E. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Rapport 18.2, pt 3.1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Ter wille van besoekers by die museum moet aandag gegee word aan die installering van ‘n lugversorger, ‘n toilet en nog uitstalkaste

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die saak word verwys na die Eiendomskomitee van die Administratiewe Buro om dit te ondersoek en indien moontlik uit te voer.

Besluit: Goedgekeur.